18.6 RAPPORT 6 – DEPUTATE HISTORIESE SAKE – BEWARING VAN ARTEFAKTE VAN GEMEENTES WAT ONTBIND (Art 138)

18.6 REPORT 6 – DEPUTIES HISTORICAL AFFAIRS – CONSERVATION OF ARTEFACTS OF CONGREGATIONS THAT DISSOLVE (Art 138)

A. Die voorsitter stel die Rapport.
The chairman tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Toeligting Wanneer 'n gemeente ontbind, bestaan die gevaar dat bewaringswaardige artefakte soos notuleboeke, nagmaal-serviese en preekstoele verlore kan gaan. Prakties gesproke het so 'n ontbindende gemeente normaalweg hulp nodig om – soms op 'n spoed-eisende wyse:	**1. Clarification** When a congregation dissolves, there is the risk that conservation-worthy artefacts such as minute books, communion sets and pulpits can be lost. Practically speaking, such a dissolving congregation usually needs help – sometimes as a matter of urgency:
1.1 Te identifiseer watter artefakte bewaar behoort te word.	1.1 To identify which artefacts should be preserved.
1.2 Sulke artefakte na 'n geskikte plek te vervoer, bv 'n sentrale ruimte (gebou) waar artefakte bewaar kan word.	1.2 To transport such artefacts to a suitable place; for example, a central space (building) where artefacts can be preserved.
Besluit: Punt 1 tot 1.2 kennis geneem.	**Decision: Points 1 to 1.2 noted.**
2. Opdrag	**2. Mandate**
2.1 'n Protokol opstel onder leiding van sr C Huisman om gemeentes by te staan.	2.1 Draft a protocol under the direction of sr C Huisman to assist congregations.
2.2 'n Geskikte bewaringsgebou/ruimte identifiseer waar artefakte bewaar en uitgestal kan word. Nota: Die Administratiewe Buro kan genader word om ruimte beskikbaar te stel – veral wanneer artefakte op kort kennisgewing vir 'n tyd gestoor moet word.	2.2 Identify a suitable storage building/space where artefacts can be preserved and exhibited. Note: The Administrative Bureau can be contacted to make space available – especially when artefacts need to be stored on short notice for a period.
2.3 Ondersoek instel na die verkryging/ oprigting van 'n geskikte gebou waar die artefakte permanent uitgestal en bewaar kan word. Nota: Die bestaande Kerkmuseum se ruimte is reeds beperk.	2.3 Investigate regarding the acquisition/ erection of a suitable building where the artefacts can be permanently exhibited and preserved. Note: The space in the existing Church museum is already limited.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 goedgekeur.	**Decision: Points 2.1 to 2.3 approved.**
3. Voorstel	**3. Proposal**
3.1 Dat die Sinode kennis neem van die protokol wat opgestel is om gemeentes en Klassis by te staan en gemeentes en Klassis aanmoedig om dit te	3.1 That the Synod takes note of the protocol prepared to assist congregations and Classis and encourages congregations and Classis

gebruik. 3.2 Dat die Sinode die Deputate help om sake spoedeisend te hanteer wanneer nodig – soos wanneer artefakte dringend verskuif moet word. **Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.** 3.3 Dat die Sinode die Deputate help om 'n ruimte of gebou te vind of selfs op te rig om die tersaaklike artefakte te bewaar. **Besluit: Verwys na die Administratiewe Buro in samewerking met die Deputate vir afhandeling.**	to use it. 3.2 That the Synod helps the Deputies with crucial matters when required; for example, when artefacts need to be moved urgently. **Decision: Points 3.1 and 3.2 approved.** 3.3 That the Synod helps the Deputies find or even erect a space or building to preserve the relevant artefacts. **Decision: Referred to the Administrative Bureau in cooperation with the Deputies for finishing.**